

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die boodskap van יהוה-God is wat vlees geword het! Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende ‘man hu’ wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!!

Parashah 45: Va’etchanan – En Ek Het Gesmeek.

Ek het in dié tyd tot יהוה gebid en gesê ‘O, Meester, יהוה, U het begin om aan U dienskneg U grootheid en U magtige hand te wys, want watter god is daar in die hemele en op die aarde wat werke en magtige dade soos U s’n kan doen? Deut. 3:23-24 – PWL.¹

Torah: Deut. 3:23 tot 7:11.

Haftorah: Jes. 40:1 tot 26.

Nuwe Verbond: Matt. 28:20; Open. 22:14; Open. 22:18-19; Rom. 7:12; Efes. 6:4; Rom. 1:18-25; 2Pet. 2:20-22; 2 Kor. 6:17; 1Pet. 2:9; 1Kor. 6:19-20; Heb. 12:18-29; Joh. 14:15,21,23; Mark. 12:28-34.

Hierdie notas is aanvullend tot vorige notas vir Parashah 45 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182.

Discernment is not knowing the difference between right and wrong. It is knowing the difference between right and almost right – Spurgeon.

We are very good Lawyers for our mistakes and very good Judges for other’s mistakes – Anonymous.

Love is not just a sentiment. Love is a great controlling passion and it always expresses itself in terms of obedience – Martyn Lloyd-Jones.

We’re always in Abba’s school! Just like in the world’s schools – we learn, then we are tested on what we learned. If we fail the test, we have to go back and re-learn and take the test again! Graduation Day is at the return of Messiah! – Yedidah.

Do all the good you can, by all the means you can, in all the ways you can, in all the places you can, at all the times you can, to all the people you can, as long as ever you can – John Wesley.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om ‘n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Follow Him as well for the bitter cup of His passion as for the loaves. – Jeremy Taylor.

Many Christians today want a blood covering for sin, but not a cleansing – D. Wilkerson.

Torahbespreking

Hersiening

Een van die laaste en mees belangrikste opdragte in die boek van *B'midbar* (Numeri) vind ons in Num. 35:34 waar Mosheh skryf: “moenie die land waar julle in bly, vuil maak nie omdat Ek daarin bly, want Ek, יהוה, bly tussen die seuns van Yisra'el.”

Deur die priesterorde, tabernakel en offerandes het Yisra'el geleer wat vereis word sodat יהוה in hulle midde kon woon en hulle Sy voorsiening en beskerming deelagtig kon wees.

Dit was, en is steeds, יהוה se begeerte om in die midde van Sy kinders te woon. So was die tuin van Eden “die land” waarin יהוה saam met die mens tot en met die sondeval gebly het. Later is die tuin van Eden met die tabernakel, en uiteindelik met die tempel, vervang waar יהוה weer in die midde van Sy volk gewoon het.

En dan leer ons in die boek van Openbaring dat in die nuwe Yerushalayim sal daar geen tempel wees nie, want יהוה-God, wat alles vashou, is sy tempel (Open. 21:22). Maar tot dan, in die dispensasie van die nuwe verbond, woon יהוה deur Sy Gees in elkeen wat vertrou in Yeshua as dié Gesalfde Een van God. Elke gelowige is die tempel van God (1Kor. 3:16; 1Kor. 6:19) en daarom is die opdrag in Num. 35:34 steeds op ons van toepassing, maar met die verskil: “moenie jou liggaam vuil maak nie omdat Ek daarin bly!”

Die betekenis hiervan is dat ons met wedergeboorte deur die bloed van Yeshua met God versoen is (Rom. 3:24-25) en deur die bloed van Yeshua gereinig is (1Joh. 1:7). Daarom moet ons sorg dat ons nie ons liggaam (verstand, wil en emosie) weer vuil (onrein) maak nie! Indien ons vanaf wedergeboorte met die hulp van die Afgesonderde Gees in gehoorsaamheid volgens יהוה se Torah lewe, word ons deur die bloed van Yeshua afgesonder (Heb. 13:12).

Die vyfde, en laaste boek van Mosheh, naamlik *D'varim* (*hierdie is die woorde*) en in die Grieks bekend as Deuteronomium (*die herhaling van die wet* of letterlik *die tweede wet*) is grootliks 'n herhaling (hersiening) van al יהוה se onderrig en instruksies (die Torah) soos deur Mosheh aan die volk oorgedra was, hoewel dit ook nuwe onderrig en instruksies bevat.

D'varim kan ook as Mosheh se afskeidstoespraak beskou word voordat hy sou sterf en die volk onder die leiding van Y'hoshua Kana'an in besit sou neem. Die kern van Mosheh se laaste toespraak aan Yisra'el vind ons Deut. 4:39-40:

39 Weet daarom vandag en neem dit ter harte: יהוה, Hy is God, bo in die hemel en onder op die aarde; daar is geen ander nie.

40 Jy sal daarom Sy reëls en Sy wette hou, wat ek jou vandag beveel sodat dit met jou en jou kinders ná jou goed mag gaan en dat jy lank mag leef in die land wat יהוה, jou God, vir jou gee, vir alle tye.”

D'varim is ook 'n opsomming van alles wat met Yisra'el gebeur het sedert hulle bevryding van die slawejuk van Mitzrayim en tydens hul swerftog in die wildernis. Die generasie wat op die punt staan om die beloofde land in te gaan, word herinner aan hulle eie, asook aan hulle ouers se rebellie en wantroue en word hulle daaraan herinner om nie dieselfde foute te begaan nie.

Yisra'el ons Voorbeeld

In vele opsigte kan ons ook vandag met Yisra'el van ouds identifiseer, want ons het ook 'n Beloofde Koninkryk van die Hemele om in besit te neem. Daarom herinner Sha'ul ons in 1Kor. 10:1-11 eerstens aan die ooreenkoms tussen ons en Yisra'el van ouds, naamlik:

- ¹ My broers, ek wil hê dat julle moet weet dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see gegaan het,
- ² almal deur Mosheh ingedoop is in die wolk en in die see,
- ³ almal dieselfde geestelike kos geëet het
- ⁴ en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike Rots wat is en die Rots is dié Gesalfde Een.

Maar dan herinner Sha'ul ons daaraan dat God nogtans met die meeste van hulle nie tevrede was nie, en dat alles wat met Yisra'el gebeur het vir ons 'n voorbeeld is om nie begerig te wees na boosheid soos hulle begeer het nie(vers 5-6)!

Sha'ul eindig met hierdie woorde wat vir elkeen van ons bedoel is:

- ¹¹ Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom.
- ¹² Van nou af, elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.

Yisra'el moes die beloofde land in besit gaan neem deur die vyande van God wat in Kana'an woon te oorwin. יהיה het die land aan hulle gegee volgens die belofte aan hulle vaders Avraham, Yitz'gak en Ya'akov (Gen. 15:18 tot 21), maar dit het 'n handeling van vertrou en gehoorsaamheid van Yisra'el vereis om dit in besit te neem!

Ons leef ook in die tyd waar die woorde van Yeshua soos opgeteken is in Luk. 16:16 meer as ooit voorheen op ons van toepassing is, naamlik:

Die wet en die profete is tot by Yoganan; van toe af word die goeie boodskap van die Koninkryk van God aangekondig en elkeen druk om in te gaan,

Ons ywer om die Koninkryk van die hemel in besit te neem met die ywer van 'n Pingas wees (Parashah 41). Maar wie meen dat hy staan moet oppas dat hy nie val nie (1 Kor.10:12), want Yeshua het ook gesê:

- ²¹ Nie elkeen wat vir My sê: 'My Meester, my Meester,' sal ingaan in die Koninkryk van die hemel nie, maar hy wat die wil van My Vader, wat in die hemel is, doen.
- ²² Op daardie dag sal baie vir My sê: 'My Meester, my Meester, het ons nie in U Karakter en Outoriteit (Naam) geprofeteer en in U Karakter en Outoriteit demone uitgedryf en in U Karakter en Outoriteit baie kragtige dade gedoen nie?'
- ²³ Dan sal Ek vir hulle sê: 'Ek het van die begin van tyd af nie met julle 'n verbondsooreenkoms gehad nie. Gaan ver weg van My af, julle wat teen die wet werk!' Matt. 7:21-23.

Vertrou in Yeshua as dié Gesalfde Een en gehoorsaamheid aan יהיה se Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is, is die pad tot oorwinning en die smal weg na die Koninkryk van die hemel! Ons sal alleenlik oorwin deur die bloed van die Lam en deur die boodskap van Sy getuienis (Open.12:11)! Maar dit sal die vreeslose ywer van 'n Pingas van elkeen vereis!

Daarom is die woorde van Mosheh aan Yisra'el ook steeds op ons van toepassing, naamlik:

39 Weet daarom vandag en neem dit ter harte: יהוה, Hy is God, bo in die hemel en onder op die aarde; daar is geen ander nie.

40 Jy sal daarom Sy reëls en Sy wette hou, wat ek jou vandag beveel sodat dit met jou en jou kinders ná jou goed mag gaan en dat jy lank mag leef in die land wat יהוה, jou God, vir jou gee, vir alle tye." Deut. 4:39-40.

Mosheh se laaste woorde aan Yisra'el kan ook opgesom word in die woorde van die Prediker:

13 Laat ons die bevinding van die hele saak hoor: "Vrees God respekvol en doen Sy opdragte, wat gegee is deur Een Meester aan elke mens,

14 want God sal elke daad tot oordeel bring, aangaande alles wat weggesteek en bekend is, of dit goed is of boos." Prediker 12:13-14

Bepeins of Bespreek

1. Het respekvolle vrees vir יהוה-God 'n seldsame verskynsel geword? Wat behels respekvolle vrees vir God? Is dit om יהוה se opdragte te doen – te bewaar en nougeset te volg asof jou lewe daarvan afhang? Het 'n laat-my-goedvoel-prediking die respekvolle vrees en ywer vir God vervang?

Yisra'el se Geloofsbelydenis

Die sleutelteks in hierdie vyfde boek van Mosheh is Deut. 6:4.

Luister, hoor en doen Yisra'el, יהוה is ons God; יהוה is Een.

In Hebreeus word dit soos volg geskryf (van regs na links):

שמע ישראל יהוה אלהינו יהוה אחד

En getranslitereer lees dit:

Sh'ma Yisra'el, Yahuah Eloheinu, Yahuah egad

Ten opsigte van Deut. 6:4 is dit ook belangrik om eerstens die betekenis van die woord *Yisra'el* te verstaan. In Hebreeus word dit geskryf: ישראל (*yud, shin, resh, aleph, lamed* – van regs na links) en getranslitereer as *Yisra'el* en beteken; *Yisra'* = Hy sal heers en *El* = Magtige God. Daarom kan ons Deut. 6 :4 ook soos volg skryf:

Luister, oor wie Hy heers as Magtige God (Yisra'el), Yahuah is ons God, Yahuah is Een.

Die woord *egad* beteken een in terme van getalle, maar ook enigste, naamlik daar is niemand soos Hy nie!!

Daarom is Deut. 6:4 die intree-opdrag tot enige ander opdrag wat God gee. As יהוה (Sy Karakter en Outoriteit) nie erken word vir wie Hy is nie, dan sal mense Hom nie gehoorsaam nie! Dit sluit aan by, en bevestig, die eerste gebod, naamlik:

Ek is יהוה, jou God, wat jou uit die land van Mitzrayim, uit die huis van slawerny, uitgelei het. Ex. 20:2.

Gehoorsaamheid is om die Karakter en Outoriteit (die Naam) van יהוה as die Oppergesag te erken en in nederige onderdanigheid te respekteer. יהוה is die Magtige God wat ons uit die

slawehuis van sonde bevry het om Hom in die wildernis van hierdie wêreld volgens Sy onderrig en instruksies (die Torah) getrou te dien!

יהוה se Torah is die beskrywing van Sy Karakter en Outoriteit. Daarom is sonde die oortreding van Torah (1Joh. 3:4) en is dit die skending van God se Karakter en Outoriteit wat met die dood strafbaar is (Rom. 6:23)!

Onthou Heb. 10:26-27:

²⁶ want as iemand opsetlik sondig nadat hy die kennis van die waarheid ontvang het, is daar nie 'n offer wat agterna geoffer kan word vir sondes nie,

²⁷ maar die verskriklike oordeel van die verterende vuur, wat die teëstanders sal verteer.

Deut. 6:4 staan bekend as die *sh'ma* en is die geloofsverklaring van Yisra'el, naamlik van elkeen wat glo en bely dat Yeshua dié Gesalfde Een is – die enigste weg, waarheid en lewe (Joh. 14:6) tot versoening met יהוה! 'n Geloofsverklaring dat יהוה die enigste ware en lewende God is en dat gehoorsaamheid aan יהוה se onderrig en instruksies soos dit in Yeshua tot volheid gekom het op grond van liefde is, want Deut. 6:4 word opgevolg met hierdie woorde in vers 5:

Jy moet יהוה, jou God, liefhê met jou hele verstand en wil en met jou hele lewe en met al jou vermoëns.

Die *sh'ma* is die eerste gebod van al die gebooie! Yeshua het dit bevestig, en selfs uitgebrei, toe 'n skrifgeleerde ('n leraar van die wet) vir Hom gevra het wat is die eerste gebod van almal.

²⁸ Een van die leraars van die wet, wat nadergekom het en gehoor het wat hulle bespreek, sien dat Hy hulle goed geantwoord het en hy vra vir Hom: “Watter een is die eerste opdrag van almal?”

²⁹ Yeshua antwoord hom: “Die eerste van al die opdragte is: ‘Hoor, luister en doen Yisra'el, יהוה is ons God, יהוה is een’

³⁰ en: ‘jy moet יהוה, jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie; vanuit jou hele gees; vanuit al jou begrip en verbeelding en vanuit al jou krag.’ Dit is die eerste opdrag

³¹ en die tweede, wat net soos hy is, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander opdrag groter as hierdie nie’.”

³² Die leraar van die wet sê vir Hom: “Uitstekend, Leermeester, U het met waarheid gesê dat God Een is en dat daar geen ander is behalwe Hy nie

³³ en om Hom lief te hê vanuit die hele verstand, wil en emosie, vanuit die hele gees, vanuit al die begrip en verbeelding en vanuit al die kragte en om die naaste lief te hê soos jouself, is belangriker as enige brandoffers en offerandes.” Mark. 12:28-33.

Ons *sh'ma*-belydenis moet opgevolg word deur die getuienis van liefde vir יהוה en liefde vir medemens wat deur gehoorsaamheid aan יהוה se Torah, soos dit in Yeshua vervolmaak is, bevestig word.

³ Hieraan weet ons dat ons Hom ken, as ons Sy opdragte uitvoer.

⁴ Hy wat sê: ‘Ek ken Hom’ en Sy opdragte nie uitvoer nie, is 'n leuenaar en die waarheid is nie in hom nie,

⁵ maar wie ook al Sy woorde voortdurend uitvoer, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword, want hieraan weet ons dat ons in Hom is:

6 hy wat sê dat hy voortdurend in Hom bly, vir hom is dit nodig om so te leef soos wat Hy geleef het. 1Joh. 2:3-6.

Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en Sy opdragte uitvoer. 1 Joh. 5:2

Hieraan sal almal weet dat julle My studentevolginge is, as julle liefde vir mekaar het. Joh. 13:35.

In vorige notas van parashah 45 is die betekenis van die woord *sh'ma* bespreek, maar ek wil dit weereens kortliks herhaal soos Bill Bullock dit verduidelik wat die *sh'ma* volgens Hebreeuse denke beteken:

- *Listen, and pay full attention, as if your life depended on it; AND*
- *once you have paid attention, and have heard what is said, begin immediately to incorporate what has been said into your life, AND*
- *adapt every aspect of your thought life, speech, and conduct to what you have heard, AND begin to meditate on and memorize it, AND*
- *teach it to your children AND*
- *walk it out tangibly so as to demonstrate it to the world, until you, and the world around you, is transformed into the image of the words you hear.*

In die lig van bogenoemde kry 'n Skrifgedeelte soos Deut. 28:1-2 vir ons nuwe betekenis:

1 Nou sal dit wees, as jy יהוה, jou God, ywerig gehoorsaam (*sh'ma*), deur versigtig te wees (*sh'mar*) om al Sy opdragte, wat ek jou vandag beveel, te doen (*asah*) , יהוה, jou God, jou sal oplik bo al die nasies van die aarde.

2 Al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou oorweldig as jy יהוה, jou God, gehoorsaam.

Die Hebreeuse woorde *sh'mar* en *asah* voltooi vir ons die betekenis van *sh'ma*:

- *Sh'mar* is om te omhein (soos met dorings), om wag te staan, om te beskerm, te bewaar, ag te gee daarop, op te let na, noulettend te wees, op jou hoede te wees, te handhaaf, te hou (soos om gehoorsaam te wees).
- *Asah* is om te doen, uit te voer, te vervul, te vorm, voor te berei, te maak soos wat jy *sh'mar*.

Om te *sh'ma* is dus om te hoor wat יהוה sê en dit te bewaar (*sh'mar*) en om presies daarvolgens te handel (*asah*). Dit is om onvoorwaardelik te glo tot die mate dat enige vorige denke, houdings, prioriteite, menings en geloofsoortuigings wat jy gehad het, daarmee vergelyk word. Dit is יהוה se skietlood wat gebruik moet word. Om die woord van יהוה (Torah) te hoor (*sh'ma*), te bewaar (*sh'mar*) en te doen (*asah*) is dus om enige vorige denke en optrede onmiddelik te verander of dit aan te pas om in absolute ooreenstemming te kom met dit wat deur יהוה gespreek is.

Maar weinig gelowiges wil ten volle יהוה se Woorde *sh'ma*, *sh'mar* en *asah*! Talle hoor en lees יהוה se Woord, maar die bewaar (*sh'mar*) en die doen (*asah*) bly agterweë.

Ons eerste prioriteit moet dus wees om Vader se onpartydige opregtheid te soek en dit in elke area van ons lewe nougeset toe te pas. Dit is wat Yeshua bedoel het toe Hy gesê het:

maar soek eerste die Koninkryk van God en Sy onpartydige opregtheid en al hierdie dinge sal ook vir julle bygesit word. Matt. 6:33.

Die gevaar is wanneer ons, ons eie onpartydige opregtheid oprig, want dan skep ons 'n afgod wat aanbid word.

Afgodery is die behoefte aan 'n god en om dan 'n god te skep en te besluit wat die naam van die god is, wat sy hoedanighede (eienskappe; kenmerke; karakter en vermoë) is en hoe die verhouding met hierdie god moet wees. Dikwels word sekere hoedanighede van יהוה-God aan hierdie afgod(e) gegee. Onthou: Torah beskryf die hoedanighede (Karakter en Outoriteit) van יהוה en hierdie Karakter en Outoriteit van God word opgesom in die tien gebooue – die tien woorde (*asarah dabar*)! Om dus enige van die tien gebooue te minag (te verwerp), is om 'n afgod te maak wat slegs sekere van יהוה se hoedanighede bevat. Daarom is die maatstaf (die duimreel) of ons יהוה-God of 'n afgod dien, om te kyk na watter van die 10 gebooue ons onderhou – al tien of net nege!! Diegene wat bely dat Yeshua dié Gesalfde Een is, maar weier om al tien gebooue te onderhou, is besig met afgodery!!

Onthou Yeshua se woorde soos opgeteken is in Joh 17:3.

Dit is die ewige lewe: dat hulle U en Hom wat deur U gestuur is, Yeshua, dié Gesalfde Een, sal ken, want U alleen is die God van Waarheid.

So word ons ook herinner aan die woorde van Johannes toe hy gesê het:

Hy wat sê: 'Ek ken Hom' en Sy opdragte nie uitvoer nie, is 'n leuenaar en die waarheid is nie in hom nie. 1Joh. 2:4.

Daarom moet ons eerste prioriteit wees om יהוה, en soos Hy deur Sy Torah en deur Yeshua aan ons openbaar gemaak is, te ken. Dit is naamlik om die Vaderhart te verstaan deur 'n geestelike intieme verhouding en om uit liefde alles te doen wat Hy van ons vra, naamlik gehoorsaamheid aan Sy liefdevolle onderrig en instruksies. Die basis van ons verhouding met יהוה is gebaseer op ons kennis en insig van Sy Woord en om dit nougeset in ons lewe toe te pas.

Dit vereis dat ons 'n leerbare gesindheid moet hê. יהוה se Woorde moet soos 'n stroom lewende water wees wat aanhoudend vloei. 'n Onleerbare gees kan vergelyk word met 'n waterbron wat nie met vars water aangevul word nie en wat uiteindelik verrot sodat niks daarin kan lewe nie. Ons moet daaglik die vars invloei van Lewende Water in ons lewe ondervind, anders sal ons geestelik stagneer en dit word die ideale bron vir vormgodsdien. יהוה is die fontein van Lewende Water (Jer. 2:13 en Jer. 17:13).

Elkeen wat in My vertrou, soos die Skrif sê: 'Riviere van lewende water sal uit sy binneste vloei'. Joh. 7:38.

Maar ons moet versigtig wees dat die water wat invloei nie besmet of vergiftig is nie!!

Bepeins en Bespreek

1. Die *sh'ma* van Deut. 6:4 word daaglik deur talle gelowiges bely, naamlik: יהוה-God is Een (*egad*)!! Die Christendom glo egter in die Drie-Eenheid leerstelling, naamlik drie persone van Vader, Seun en Heilige Gees. Is dit nie politeïsme (veelgodery) nie? Rabbyne Judaïsme, asook Islam, beskou hulle geloof as monoteïsties (eengodedom) en beskuldig juis die Christendom van veelgodery! Wat is jou geloofsoortuiging en hoekom? Wat verstaan jy is die betekenis van *egad*?? Is יהוה-God 'n korporatiewe (saamgestelde)

eenheid of 'n absolute (enkelvoudige) eenheid en is Yeshua God of mens? Twee artikels in die verband wat aanbeveel word, is by die volgende skakels aflaaibaar: [Eenheid van God](#) en [Is Y'shua God](#).

- Die *sh'ma* in Afrikaans vanuit die Torah en die Apostoliese Geskrifte met bypassende musiek, en soos deur Hein Zentgraf verwerk is, is beskikbaar by hierdie skakel op Youtube: <https://www.youtube.com/watch?v=hfDMIY3v0cQ>.

Skryf dit op die Kosyne van jou Huis

Direk na die *sh'ma*-belydenis sê Mosheh die volgende aan die volk:

⁶ Hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou verstand, wil en emosie wees.

⁷ Jy moet dit ywerig vir jou kinders leer en daarvoor praat as jy in jou huis sit, as jy op pad is, as jy gaan lê en as jy opstaan.

⁸ Jy moet dit as 'n teken bind op jou hand en dit moet as 'n voorkopband tussen jou oë wees.

⁹ Jy moet dit op die kosyne van jou huis en op jou hekke skryf. Deut. 6:6-9.

Om יהוה se woorde, naamlik Sy Torah, op die kosyne van jou huis te skryf, is om 'n tuiste te skep waar jy en jou geliefdes God in Gees en waarheid sal aanbid (Joh. 4:23) en waar shalom – vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid – ondervind sal word.

Daarom het Yeshua ook gesê:

“As iemand My liefhet, sal hy My boodskap gehoorsaam en My Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom blyplek maak.” Joh. 14:23.

Maar let op die volgorde van Deut. 6:6-9! Eerstens moet יהוה se Woorde in jou hart wees, naamlik: Dit moet deel wees van jou denke, en van jou wil, en van jou emosie. Dit moet deel van jou karakter en hoedanighede wees. Dan moet jy met ywer dit vir jou kinders leer en daarvoor praat as jy in jou huis sit, as jy op pad is, as jy gaan lê en as jy opstaan. Maar meer nog: Jou dade moet bewys lewer (bind dit as 'n teken op jou hand) dat יהוה se Torah in jou hart is en jy moet seker maak dat jy dit nooit vergeet nie ('n voorkopband tussen jou oë). Ons moet 'n doelbewuste poging aanwend om die woorde van יהוה se Torah voorop in ons gedagtes te hê en om daaraan gehoorsaam te wees deur dit te doen.

Dit beteken dat jou gedagtes (verstand, intellek) en jou hart (emosie en wil) en jou mond (woorde) en jou hande (dade) in harmonie met mekaar moet wees en hierdie vier saam moet in harmonie met die Torah van יהוה wees.

Deur te handel volgens Deut. 6:6-9 sal jy 'n vernuwing van jou gemoed ondergaan (Rom. 12:2). Dan sal jou hart (wil, emosie), woorde en dade in harmonie met mekaar en die wil van Vader-God wees. Dan vind 'n innerlike verandering plaas wat uitwendig sigbaar sal word. Dan is elkeen 'n ware tempel van יהוה waarin die Afgesonderde Gees woon. Dit herinner ons aan Sha'ul se woorde in Rom. 12:1-2.

¹ My broers, daarom smee ek julle, deur die guns van God dat julle jul liggeme beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God; dit is julle logiese dienswerk

² en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is.

Bepeins of Bespreek:

1. Indien Vader-God en Yeshua volgens Joh. 14:23 by jou, en in jou, blyplek maak, dan is die vraag: Sal die teëstander dit waag om na jou huis te kom om te steel, dood te maak en te vernietig (Joh. 10:10a)? Liefde vir יהוה deur Yeshua met gehoorsaamheid aan Torah is jou beste “sekuriteitstelsel” om jou “huis” te beskerm!

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.